Vervang eerder knie gedeeltelik

MARANA BRAND VAN HULSTEYN

Hoekom moet 'n hele knie vervang word as net 'n deel daarvan aangetas is?

Dr. Ockie van Zyl van Mediclinic Panorama, het ook hieroor gewonder en reken dis nie nodig nie. Hy doen die afgelope paar jaar gedeeltelike knievervangings waartydens net daardie deel van die knie wat beskadig is, vervang word.

" 'n Volledige knievervanging is nie altyd nodig nie en dis 'n baie ingrypende operasie. 'n Gedeeltelike vervanging is 'n baie kleiner operasie. Dit beteken die kans op komplikasies is minder en die herstelproses vinniger," sê hy.

Hy het 12 jaar gelede al met gedeeltelike vervangings begin, maar toe was die kunsknieë of dele daarvan nog nie goed ontwikkel nie. Hy het dus vir 'n tyd met dié operasies opgehou. Nadat die kunsdele intussen aansienlik verbeter het, het hy die afgelope twee jaar verskeie gedeeltelike vervangings gedoen. Oor die wêreld word dié roete al meer gevolg.

Volgens Van Zyl hou gedeeltelike vervangings verskeie voordele vir die ontvanger in as 'n mens dit met 'n volledige knievervanging vergelyk. 'n Baie kleiner snit word gedoen – 5-7 cm lank teenoor die 18-22 cm van 'n volledige knievervanging. Die ligamente word ook behou, wat 'n groot bonus is. Pasiënte word ook net gedeeltelik verdoof.

In die geval van 'n volledige knievervanging, wat in sommige gevalle steeds nodig is, kan 'n pasiënt tot so lank as 'n week in die hospitaal bly. Daarna is dit nog 'n aansienlike tyd op krukke voordat iemand die knie ten volle kan gebruik.

Dan is die knie steeds nie soos 'n nuwe knie nie en moet versigtig daarmee omgegaan word. Boonop is 'n mens daarvan bewus dat jy 'n kunsknie het en voel dit eenvoudig nie normaal nie, vertel Van Zyl.

"In die geval van 'n gedeeltelike vervanging, is die pasiënt ná net sowat 'n week van die krukke af. Ek het 'n geval gehad waar iemand beide knieë gedeeltelik laat vervang het. Die man het ná ses weke aan 'n bergfietswedren deelgeneem."

Ná 'n gedeeltelike vervanging voel die knie normaal en funksioneer ook normaal, sê hy.

Dit word deur Raymond Sharp (60), wat sowat twee maande gelede 'n gedeeltelike knievervanging by Van Zyl gehad het, bevestig. "Voor die operasie het ek verskriklik pyn gehad. Ek was lamgelê deur my swak knie. Nou het ek geen pyn nie. My knie is herstel en dit voel heeltemal normaal. Ek voel fantasties!" Só fantasties, dat hy al weer op sy motorfiets rondrits.

Hy sê ook dat hy "nêrens anders sal gaan vir 'n knie-operasie nie en ook na niemand anders as Van Zyl nie".

Gewoonlik is die eerste tekens van 'n verweerde knie, aanhoudende ernstige pyn in daardie knie. Iemand se bene begin ook krommer word, óf binnetoe óf buitentoe, na gelang van watter kant die knie eintlik gedaan is. Mense sal ook nie meer kan doen wat hulle gewoonlik gedoen het nie, of dit met groot inspanning doen.

Ná 'n gedeeltelike vervanging kan mense byvoorbeeld weer fietsry, gholf speel of voetslaan ("hiking").

Draf of aksiesport sal nie moontlik wees nie omdat dit eenvoudig te veel druk op die knie plaas. "Wat belangrik is, is dat sowat 'n derde van alle knievervangings net 'n gedeeltelike vervanging kon wees. Die opsie bestaan en dit werk," sê Van Zyl.

● Vir meer inligting, skakel 021 930 2740/2708.

Dr. Ockie van Zyl wat gedeeltelike knievervangings doen wanneer die hele knie nie beskadig is nie.

Só lyk die gedeeltelike kunsmatige knieskyf wat dr. Ockie van Zyl tydens 'n gedeeltelike knievervanging gebruik.